

Habakuk se probleme en God se antwoorde				Habakuk se gebed
Habakuk vra	God antwoord	Habakuk vra	God antwoord	Habakuk se belydenis
1:1-1:4	1:5-1:11	1:12-2:1	2:2-2:20	3:1-3:19
In die tyd wat die ballingskap besig is om te gebeur, nog voor die finale val van Jerusalem (600vC)				

Dag	Lees	<p>Habakuk se uitspraak kom op 'n tyd toe die wankelende Suidelike koninkryk reeds die tekens van die nuwe wêreldvors kon sien. Net soos Job het Habakuk met die probleem van lyding geworstel.</p> <p>Habakuk se profesieë is in die vorm van 'n gesprek tussen hom en God geskryf. In hoofstukke 1 en 2 betreur hy die onreg en geweld wat onder God se volk gevind word. Dit lyk vir Habakuk of God nie smeekbedes hoor nie.</p> <p>God antwoord dat hy iets gaan doen – hy gaan die wrede vyand gebruik om Sy volk te tugtig!</p>	<p>As Habakuk dan weer vra, antwoord God dat hy wat deur die geloof geregtigheid verkry sal lewe, maar die trotse man sal ondergaan.</p> <p>Hierdie bekende Habakuk 2:4 word in Rom 1:17, Gal 3:11 en Heb 10:38 aangehaal.</p> <p>Dis duideliker in die 1953 vertaling: <i>Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe (Hab 2:4 1953)</i></p> <p><i>11En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. (Gal 3:11, 1953)</i></p>	<p>Habakuk het sy boek begin deur God te bevraagteken, maar eindig dit met 'n lofprysing aan God as persoon (3:1-3), lof aan God se krag (3:4-12) en lof oor God se plan (3:13-19):</p> <p><i>Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, 18 nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. 19Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop. (Hab 3:17).</i></p>
Ma	Joël 1			
Di	Joël 2			
Wo	Joël 3			
Do	Hab 1:1-1:11			
Vry	Hab 1:12-2:1			
Sat	Hab 2:2-2:20			
Son	Hab 3:1-3:19			

Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe (Hab 2:4 1953)

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Habakuk, lewe deur geloof.

Habakuk kla
en God wys die swaar.
Habakuk vra,
God leer: geloof bewaar.

Habakuk staar:
God het oordeel verklaar.
Habakuk verklaar:
Ek jubel ten spyte van swaar!

Die boek Habakuk wil belooft:
Jy word net gered deur geloof,
daarom kan jy in swaarkry loof!

Habakuk kla en God wys die swaar
(Hab 1:1-11).

Hoe lank moet ek nog vra,
oor al die geweld by U kla?
Die wet het nie meer krag,
onskuldiges se reg word verkrag.

Jy gaan jou verstom en nie verstaan
want Ek gaan julle verder slaan.
Verwoesting saai die vyand se leer,
niemand kan hul perde keer!

Habakuk vra, God leer: geloof bewaar
(Hab 1:12-17).

U, o Heilige, is tog van altyd daar?!!
Hoe kan mens die geweld verklaar?
Met nete en hoeke in ons bek gevang,
is ons soos visse, vasgekeer bang!
Kan U sien: ons bewe van angs?
Die Galdeërs juig oor hulle vangst!

Habakuk staar: God het oordeel verklaar
(Hab 2:5-20).

God hét na die geweld gekyk:
Ellende wag vir die wat hul verryk.

Ellende wag vir die wat bou met moord,
dis God, die Almagtige se Woord.

Ellende jul wat drank met gif geskink:
Jul sal God se oordeelsbeker drink!

Ellende wag vir hom wat vir hout
‘n nuttelose afgod, bid vir sy behoud.

Almal moet die Here in Sy tempel vrees,
in sy teenwoordigheid net in stilte wees.

Habakuk verklaar: Ek jubel ten spyte
van swaar! (Hab 3).

U het riviere en berge gemaak
Dit verkrummel as u daaraan raak.
Toe ek dit hoor het ek gebewe
Sal U my ongeduld vergewe?

Al sou die vyeboom nie bot,
die duiwe op die wingerd verrot.
Al is die olyf oeste kaal,
en geen beeste in die kraal.
Nogtans sal ek in die Here juig,
voor sy alwetenskap sal Ek buig.
Die Here gee vir my krag,
soos ‘n ribbok veilig vandag.

Dag van die Here in die verlede		Dag van die Here in die toekoms	
...deur sprinkane	...deur droogte	Naby dag van die Here	Toekoms dag van die Here
1:1-1:12	1:13-1:20	2:1-2:27	2:28-3:21
Teen die Suidelike ryk. Tyd onseker, maar waarskynlik ongeveer 600 vC			

Daar kan nie met sekerheid bepaal word wanneer Joël geleef het nie. Hy kan moontlik een van die eerste profete gewees het en in die tyd van Elia en Elisa geleef het of dalk selfs na die ballingskap.

Omtrent die helfte van die boek gaan oor die beskwywing van 'n verwoestende sprinkaanplaag. Dit kom ooreen met die profesie in Openbaring 9:7-10.

In hoofstukke 2 en 3 word God se oordeel oor die nasies wat Sy verbondsvolk geweld aangedoen het aangekondig. *Die Here laat sy stem weerklink voor sy leërmag uit. Sy leër is ontsaglik groot, dié wat die Here se bevel uitvoer, is sterk. Die dag van die Here is 'n groot dag, 'n verskriklike dag; wie is daarteen bestand? (Joël 2:11)*

Hy skilder die voltrekking daarvan in die vallei van Josafat. Hier gebruik hy die teenoorgestelde beeld as ander profete – swaarde word van pikke gemaak en spiese van snoeimasse. Joël voorsien dat wanneer die oordeel van God oor die volke kom, die lig verduister sal word soos in die tyd van die sprinkaanplaag.

Op die oordeelsverklaring volg beloftes van seën. Goeie reën en 'n oorvloed koring, mos en olie word voorspel.

Hy voorspel die uitstorting van die Heilige Gees. Petrus haal 2:28 aan in Handeling 2 op Pinksterdag: *“Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien. In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie.” (Joël 2:28,29).*

God alleen is in beheer van die geskiedenis (3:17). Joël sluit sy profesieë af met die belofte dat die Here 'n toevlug en skuilplek vir Sy volk sal wees. Uit die huis van die Here sal daar 'n fontein van seën vloei.

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Die profeet Joël

Gekou knaag.
Sprinkaan plaag.

Weiding weg.
Koringoes sleg.

Vervuil.
Volk huil.

Wilde perd.
Niks werd.

Wrede leër.
Dag van Heer.

Vas, huil en treur.
Kom terug: bekeer.
Hy is 'n genadige Heer
en vergewe altyd weer!

Jul leer:
Ek Heer!

As julle die tekens lees
laat kom ek my Gees.
Jongmense sal as profete optree.
Vir oumense sal ek drome gee.

Na gebed
sal Ek red.

Bloed vuur,
dis die uur

Nasies straf.
Na hul graf.

Baie sonde.
Sekel wonde.

Oes is ryp
vol parskuip.

Swaard na skaar.
Snoeiskêr daar.

Ek sal die volk se sonde vergeef
en weer saam in Jerusalem leef!